

Sonstraal reageer op Covid-19 / Koronavirus

Liewe Sonstraal-lidmaat

Die uitbreek van Covid-19, of - soos ons dit as die Koronavirus leer ken het, het die ganse mensdom in elke faset van ons bestaan geraak en doen dit steeds op ongekende wyse. Soos regte Suid-Afrikaners word hierdie globale krisis met humor hanteer, wat ons lekker laat lag, maar tog met 'n diepe besef dat hierdie geen grap is nie. Omdat hierdie virus nie diskrimineer nie, en omdat ons weet dat dit ons almal raak, maak dit verskeie emosies by ons wakker. As gelowiges wil ons vra na die betekenis van die hoop wat ons in Christus het, maar ook na die geleentheid waartoe die Here sy kerk roep – in hierdie situasie. Ons wil geensins paniek saai of meedoen aan massahisterie nie, maar rig graag hierdie skrywe om rustigheid en kalmte by lidmate en die groter gemeenskap te bring.

Terwyl hier 'n klompie reëlins getref word wat as koud en klinies ervaar kan word, vra ons u om dit asseblief te sien as 'n manier waarop ons as geloofsgemeenskap ons bydrae wil lewer tot die verlangsamings van die verspreiding van die virus met die hoop dat dit selfs – deur almal **se** verantwoordelike hantering daarvan – kan omkeer. Dit is dus met groot pastorale besorgdheid teenoor elke lidmaat, jonk en oud, maar ook elke weerlose persoon in die gemeenskap – wat die diepste getref sal word deur die virus, wat ons graag elke lidmaat wil oproep om met alles wat ons het aan hierdie poging deel te neem.

Ons het die regering se noodmaatreëls om die verspreiding van Covid-19 te bekamp gehoor. In aansluiting daarby het die kerkraad, by monde van die dagbestuur, besluite geneem ten opsigte van die impak daarvan op die bediening in en deur die gemeente. Dit hou ten nouste verband met die inligting en oproep wat op 16 Maart 2020 deur die moderatuur van die sinode van Wes-Kaapland uitgestuur is. Lees hierdie belangrike boodskap [[klik hier](#)].

Die besluite van die kerkraad is geneem in die lig van die huidige omstandighede en met die kennis tans tot ons beskikking. Dit mag wees dat alternatiewe reëlins getref word soos ons nuwe inligting bekom en soos omstandighede verander. Die onderstaande reëlins tree onmiddellik in werking en sal weekliks gemonitor word. Enige veranderings sal in die Kontak en ander platvorms aan lidmate gekommunikeer word. Die kern van die besluit rus op die feit dat isolasie die beste enkele manier is om die verspreiding van die virus te bekamp. Alhoewel die aanpassing vir ons vreemd en moeilik gaan wees, moet ons besef dat die impak daarvan enorm kan wees. Ons vertrou dat die aanpassing spoedig sal plaasvind en dat ons ook vreugde sal put uit nuwe en kreatiewe maniere van sosialisering en kerk-wees.

Dankie dat ons kan staatmaak op elke lidmaat se begrip, samewerking, deernis en verantwoordelike optrede in 'n tyd waar die kerk haar getuienis nie kan onderskat of nalaat nie. U is welkom om via e-pos met ons in verbinding te tree vir enige voorstelle of terugvoer.

Hiermee die praktiese reëlins:

Kerkkantoor

Die kerkkantoor is vanaf 17 Maart vir die publiek gesluit. Die kerkkantoorpersoneel sal steeds hulle pligte vanaf die kantoor verrig, maar daar sal geen persone by die kantoor ontvang word nie, behalwe waar pastorale gesprekke met leraars vooraf gereël is. Die personeel se kantoorure is 08:00 tot 14:00. Geen oproepe sal ongelukkig buite hierdie ure geneem kan word nie. In die geval van nood, kontak asseblief enige van die leraars: Carika (082 925 3573), Johan (083 788 1239), Ruan (071 635 2898), Eugene (083 299 8100). Ruan is vanaf 18 tot 23 Maart met verlof.

Eredienste & kategeese

Ons weeklikse samekoms is die hart van ons gemeente-wees wat vir elke lidmaat 'n groot bron van lewe is. Tog het ons geen ander keuse nie as om kreatief om te gaan met die realiteit dat sulke tradisionele byeenkomste vir die afsienbare toekoms ongelukkig nie haalbaar gaan wees nie. Ons wil dit wel op so 'n manier doen dat elke lidmaat steeds die belewenis sal hê van medegelowiges wat weekliks, selfs daagliks, saam na die Woord luister en daardeur gevorm word vir die lewe. Daarom sal die huidige weeklikse bywoning van eredienste en alle jeugbyeenkomste, beide by die Kerkentrum en Curro, asook by LaVie est Belle en Legato aftree-oorde, vanaf Sondag, 22 Maart vervang word met elektroniese uitsendings. Eredienste sal elektronies uitgesaai en opgeneem word sodat u in die gerief van u veilige woning, waarskynlik via ons webblad, facebook en Youtube, daaraan kan deelneem. Groot Lydensweek en Paasdiens sal heel waarskynlik ook op alternatiewe wyses aangebied word. Huisgeloof sal aangemoedig word deur gespreksriglyne en familie-aktiwiteite. Vir meer inligting, hou eerskomende Donderdag se *Kontak* dop. Help ons om jou behoeftes in ag te neem deur vir ons daarvan te vertel. Stuur gerus vir ons 'n e-pos. Ons besef dit gaan vreemd voel! Wees verseker dit is vreemd vir ons almal! Ons glo dat ook hieruit iets nuuts en moois gebore sal word.

Bedieninge, byeenkomste en uitreike

Om sosiale en fisieke kontak sover as moontlik te beperk, word alle byeenkomste van alle bedieninge opgeskort. Dit sluit in: Eureson, Senior byeenkomste, Nuwe lidmate-ontmoeting, Bottelary-bediening, Jongvolwassenes en Bybelstudies. Waar kleingroepe met die Vertel-veldtog besig is of verkies om steeds die belewenis van die gemeenskap van gelowiges in kleingroepe te beoefen, word ernstig versoek dat daar aan die volgende maatreëls voldoen word:

- beperk die grootte van die groep tot 8 persone;
- elkeen se gesondheidstoestand moet bo verdenking wees (geen verkoue/griepsimptome);
- niemand moes in die afgelope drie weke uit die buiteland teruggekeer het of met so 'n persoon in aanraking gekom het nie;
- hande moet behoorlik gewas word;
- die goeie gewoonte om mekaar met handdruk, drukkie of soene te groet, word maar eers vervang deur 'n vriendelike elmbooggroet of kopknik!

Pastoraat

Ons leraars wil graag met lidmate kontak hou – veral elkeen wat enige vorm van nood of geestelike behoefte ervaar. Ook hier moet ons maniere vind wat niemand sal benadeel nie. Wat hospitaalbesoeke betref, sal leraars vir eers slegs met die oog op sterwensbegeleiding, en onder hospitaalregulasies, lidmate in hospitale besoek. In alle ander gevalle sal die leraars hulle pastorale gesprekke graag telefonies, of selfs met WhatsApp-video, voer. Waar lidmate die leraars persoonlik by die kerkkantoor wil spreek, sal vooraf telefonies bevestig word dat die lidmaat wat die gesprek versoek nie in die afgelope drie weke uit die buiteland teruggekeer het nie, geen griepsimptome het nie en bereid wees om voorsorgmaatreëls te tref wanneer die besoek by die kerkkantoor afgelê word, soos om hande te was/ontsmet. Onthou, ons leraars is hier vir jou en dra jou belange op die hart. Moet asseblief nie huiwer om jou behoefte per e-pos of telefonies aan ons te kommunikeer nie.

BiteMe


Die koffiewinkel in die kerkentrum se voorportaal sal ongelukkig vanaf 17 Maart, tot verdere kennisgewing, gesluit wees.

Begrafnisse

Om sosiale en fisieke kontak ook hier so ver as moontlik te beperk, sal begrafnisdienste sover moontlik slegs vir die naaste familie en in oorleg met die betrokke begrafnisonderneming gehou word. Die dienste sal, soos ander eredienste, elektronies uitgesaai en opgeneem word. Ons leraars sal graag met die naasbestaendes kontak wil maak. Moet asseblief nie huiwer om ons te kontak om hiervoor reëlings te tref nie.

Finansiële bydraes

Dit is 'n realiteit dat die gemeente baie afhanklik is van die finansiële bydraes wat met eredienste ontvang word. Ons vra dus lidmate om asseblief gebruik te maak van EFT- en/of SnapScan-betalings om te verseker dat die maandelikse bedryfsuitgawes gedek kan word. Ons is baie dankbaar vir elke Sonstraal-lidmaat se goeie gesindheid in die gee van julle dankoffers. Hiermee ons bankbesonderhede en SnapScan-kode:



Bankbesonderhede:
NG Gemeente Sonstraal
ABSA Durbanville (Tak: 334-810)
Rekeningnommer: 1410580329

Voorkom só dat die virus versprei

Doen jou deel en...

- Was jou hande gereeld tot by jou elmboë;
- Moenie met ongewaste hande aan jou neus, oë of mond vat nie;
- Nies in jou elmboog of in 'n sneesdoekie en gooi dit weg;
- Heroorweeg asseblief enige reisplanne – veral oorsee;
- Vermy sover as moontlik sosiale en fisieke kontak;
- Dit is raadsaam om die huis- en tuinwerkers in julle diens te versoek om nie te kom werk nie, maar tog hulle normale lone te betaal (Hier word ons vrygewigheid en gesindheid verder uitgedaag).

Gesels met jou kinders

Besef dat die nuus oor die virus vir ons kinders groot vrese, wat hulle nie in woorde kan uitdruk nie, inboesem. Volg [hierdie skakel](#) om ingelig en toepaslik met jou kinders oor die virus te gesels. Herinner hulle aan die sorg van die Here waaraan ons nooit hoef te twyfel nie – sonder om voor te gee dat, omdat ons kinders van die Here is, die virus ons nie kan tref nie. Ons weet dit is nie waar nie. Luister na hulle en gesels met hulle. Wees rustig by hulle. Bly hulle verseker van God se liefde vir elkeen van ons. Verduidelik aan hulle dat spesiale maatreëls getref word om ook vir hulle te beskerm. Dit is 'n manier waarop ons wys dat ons vir mekaar omgee en vir mekaar sorg.

Indien jy vermoed dat jy Covid-19 het

- Bly kalm en kontak jou dokter (Om verdere besmetting te voorkom, moenie die dokter besoek nie);
- Skakel die Nios hulplyn: 0800029999 of 021 9284102
- Isoleer jouself en bly tuis indien jy simptome van die virus het, soos: hoes, koors en keelseer.
- Bel 'n leraar om vir jou te bid en jou en jou geliefdes te ondersteun.

Ten slotte

Weer eens dankie dat jy meeleeft in ons hantering van hierdie pandemie. Ons is regtig jammer vir die ongerief wat dit veroorsaak. Ons vertrou dat die Here in die krisis by ons is en so iets nuuts van die Here self aan ons sal bekendmaak. Mag ons die Here opnuut ontmoet en mag die Here ons nuwe oë vir God, vir mekaar en ons wêreld gee. Mag die Here ons genadig wees.

“Volhard in die gebed! Wees daarby waaksaam en dankbaar... Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid. Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord.” (Kolossense 4:2-6)

“In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om ’n antwoord te gee aan elkeen wat van julle ’n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.” (1 Petrus 3:15)

Die Here sal julle seën en beskerm. Die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees. Die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee. Amen.